

Kyk na die volgende getal :

HM	TM	M	HD	TD	D	H	T	E
7	5	3	2	9	1	8	6	4

- Die **Plekwaarde** van die **7** is **Honderd miljoene** → **HM** (die 3 staan by die honderd miljoene)
- Die **Getalwaarde** van die **7** is **700 000 000** → (die 7 is 700 000 000 werd)
- Die **Plekwaarde** van die **5** is **Tien miljoene** → **TM** (die 5 staan by die tien miljoene)
- Die **Getalwaarde** van die **5** is **50 000 000** → (die 5 is 50 000 000 werd)
- Die **Plekwaarde** van die **3** is **Miljoene** → **M** (die 3 staan by die miljoene)
- Die **Getalwaarde** van die **3** is **3 000 000** → (die 3 is 3 000 000 werd)
- Die **Plekwaarde** van die **2** is **Honderduisende** → **HD** (die 2 staan by die honderduisende)
- Die **Getalwaarde** van die **2** is **200 000** → die 2 is 200 000 werd
- Die **Plekwaarde** van die **9** is **Tienduisende** → **TD** (die 9 staan by die tien duisende)
- Die **Getalwaarde** van die **9** is **90 000** → die 9 is 90 000 werd
- Die **Plekwaarde** van die **1** is **Duisende** → **D** (die 1 staan by die duisende)
- Die **Getalwaarde** van die **1** is **1 000** → die 1 is 1 000 werd
- Die **Plekwaarde** van die **8** is **Honderde** → **H** (die 8 staan by die honderde)
- Die **Getalwaarde** van die **8** is **800** → die 8 is 800 werd
- Die **Plekwaarde** van die **6** is **Tiene** → **T** (die 6 staan by die tiene)
- Die **Getalwaarde** van die **6** is **60** → die 6 is 60 werd
- Die **Plekwaarde** van die **4** is **Ene** → **E** (die 4 staan by die ene)
- Die **Getalwaarde** van die **4** is **4** → die 4 is 4 werd

1. Skryf die volgende getalle uit woorde oor as 'n getal.

a.) Nege honderd vyf en sewentig duisend ses honderd en dertien → _____

b.) Drie miljoen ses honderde en veertien duisend sewe honderd en nege → _____

c.) Twee en veertig miljoen driehonderd ses en twintig duisend vyf honderd vier en sestig

d.) Vier honderd drie en vyftig miljoen twee honderd agt en dertig duisend sewe honderd en vyf → _____

e.) Honderd en vyf miljoen drie honderd vyf en twintig duisend en vier en dertig

2. Skryf die volgende uit uitgebreide notasie reg oor. Wees versigtig – kyk na die regte volgorde van die syfers.

a.) $3\,000\,000 + 900\,000 + 50\,000 + 4\,000 + 200 + 60 + 1 \rightarrow$ _____

b.) $4\text{ HM} + 5\text{ TM} + 8\text{ M} + 6\text{ HD} + 9\text{ TD} + 8\text{ H} + 3\text{ T} + 2\text{ E} \rightarrow$ _____

c.) $30\,000 + 4\,000\,000 + 20 + 900 + 60\,000\,000 \rightarrow$ _____

d.) $400\,000 + 7 + 900\,000\,000 + 2\,000\,000 + 500 \rightarrow$ _____

e.) $8 + 300\,000\,000 + 400 + 6\,000\,000 + 20\,000\,000 + 9\,000 + 80 + 70\,000$

3. Gee elke keer die Plek – en of die Getalwaarde van die onderstreepte syfer in die getal.

a.) 98 735 016 : Plekwaarde van die 7 → _____

Getalwaarde van die 5 → _____

b.) 483 079 615 : Plekwaarde van die 4 → _____

Getalwaarde van die 3 → _____

c.) 956 037 184 : Plekwaarde van die 6 → _____

Getalwaarde van die 9 → _____

4. Vul die korrekte verwantskapstekens (> ; < of =) in op die spasie.

a.) 34 287 _____ 43 287 (b.) 98 056 723 _____ 98 506 723

c.) 765 928 023 _____ 765 928 032

d.) 763 406 814 _____ 736 406 814

e.) 98 724 051 _____ $90\,000\,000 + 50 + 700\,000 + 80\,000\,000 + 20\,000 + 1$

In hierdie aktiwiteit gaan ons kyk na die afronding van getalle – onthou : wanneer ons getalle afrond sal die getalle altyd eindig op 'n nul (0).

1. Rond die volgende getalle af tot die naaste vyf (5) : Onthou : jy moet nou na die ene kyk.

Wanneer die ene 1 of 2 is word dit net nul.

Wanneer die ene 3 of 4 is word dit 5.

Wanneer die ene 6 of 7 is word dit 5.

Wanneer die ene 8 of 9 is word dit 'n vol 10 en die tien word oorgedra.

$$79\,682 \approx 79\,680 \quad 79\,684 \approx 79\,685 \quad 79\,687 \approx 79\,685 \quad 79\,689 \approx 79\,690$$

a.) $764 \approx$ _____ (b.) $5\,293 \approx$ _____ (c.) $23\,568 \approx$ _____

d.) $645\,706 \approx$ _____ (e.) $723\,848 \approx$ _____

2. Rond elke keer die getal af tot die naaste tien (10).

a.) $5\,278 \approx$ _____ (b.) $42\,007 \approx$ _____

c.) $752\,994 \approx$ _____ (d.) $98\,342\,987 \approx$ _____

e.) $342\,798\,992 \approx$ _____

3. Rond elke keer die getal af tot die naaste honderd (100).

a.) $9\,648 \approx$ _____ (b.) $76\,498 \approx$ _____

c.) $432\,008 \approx$ _____ (d.) $75\,976\,995 \approx$ _____

e.) $783\,497\,987 \approx$ _____

4. Rond af tot die naaste duisend (1 000).

a.) $4\,587 \approx$ _____ (b.) $87\,399 \approx$ _____

c.) $865\,702 \approx$ _____ (d.) $76\,239\,499 \approx$ _____

e.) $768\,299\,812 \approx$ _____

Veelvoude → Wanneer jy tel in 'n spesifieke hoeveelheid (getal).

Voorbeeld : $V 9 = \{ 9 ; 18 ; 27 ; 36 ; 45 ; 54 ; 63 ; \dots \}$

KGV → Kleinste gemeenskaplike veelvoud (die **eerste veelvoud** van 2 of meer getalle wat dieselfde is.

Voorbeeld : $V 5 = \{ 5 ; 10 ; 15 ; 20 ; 25 ; \mathbf{30} ; 35 ; 40 ; 45 ; 50 ; 55 ; 60 ; 65 \dots \}$

$V 10 = \{ 10 ; 20 ; \mathbf{30} ; 40 ; 50 ; 60 ; \dots \}$

$V 15 = \{ 15 ; \mathbf{30} ; 45 ; 60 ; 75 ; 90 ; \dots \}$

Die KGV is **30** en NIE 60 nie !

1. Skryf elke keer die eerste nege (9) veelvoude van die volgende getalle nee ren bereken ook elke keer die KGV.

a.) $V 7 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

$V 3 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

KGV =

b.) $V 4 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

$V 6 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

$V 8 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

K G V =

c.) $V 10 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

$V 20 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

$V 30 = \{ \underline{\hspace{10cm}} \}$

K G V =

Kyk nou of jy die KGV van die volgende getalle kan bereken sonder om die veelvoude te skryf.

d.) Die KGV van 6 en 8 = (e.) Die KGV van 6 , 9 en 3 =

f.) Die KGV van 4 , 8 , 12 en 24 =

g.) Die KGV van 5 , 10 , 15 en 20 =

h.) Die KGV van 6 , 9 , 12 en 18 =

i.) Die KGV van 3 , 6 , 8 en 12 =

Faktore → Al daardie getalle wat in 'n spesifieke getal kan deel sonder 'n res.

Voorbeeld : $F 10 = \{ 1 ; 2 ; 5 ; 10 \}$

Faktorpare → Daardie faktore van 'n getal wat jy met mekaar vermenigvuldig om die getal te kry.

Voorbeeld : $FP 10 = 1 \times 10$ en 2×5

2. Skryf nou elke keer die Faktorpare van die volgende getalle neer :

a.) $FP 15 =$ _____ en _____

b.) $FP 20 =$ _____ ; _____ en _____

c.) $FP 18 =$ _____ ; _____ en _____

d.) $FP 30 =$ _____ ; _____ ; _____ en _____

e.) $FP 36 =$ _____ ; _____ ; _____ en _____

Wat is **GGD** ? Die Grootste Gemeenskaplike Deler.

Hoekom is dit belangrik ? Jy gaan dit gebruik wanneer jy **breuke moet vereenvoudig** (Kleiner maak).

Hoe doen ek dit ? Gebruik die faktore van getalle – jy moet die grootse moontlike gemeenskaplike faktor van getalle soek – nie die eerste een nie – **DIE GROOTSTE !**

Voorbeeld : GGD van 10 en 25

$F 10 = 1 ; 2 ; \mathbf{5}$ en 10

$F 25 = 1 ; \mathbf{5}$ en 25

GGD = 5

3. Lys al die faktore van die volgende getalle en bereken ook die GGD van elkeen.

a.) $F 12 =$ _____

$F 18 =$ _____

GGD = _____

b.) $F 20 =$ _____

$F 24 =$ _____

GGD = _____

c.) $F 18 =$ _____

$F 30 =$ _____

$F 36 =$ _____

GGD = _____

d.) $F 40 =$ _____

$F 48 =$ _____

$F 60 =$ _____

GGD = _____

Bereken nou die GGD van die volgende getalle sonder om die faktore te skryf.

e.) 12 , 24 en 36 GGD = _____

(f.) 8 ; 12 ; 20 en 40 GGD = _____

Het jy geweet ?

- Wanneer ons 'n bewerking doen waarin daar net optel of net aftrek is, sal ons altyd van links na regs werk bv. $5 + 17 + 3 = 25$
- Wanneer ons 'n bewerking het waarin daar net optel en aftrek is, sal ons nogsteeds van links na regs werk bv. $12 - 4 + 2 - 7 = 3$
- Wanneer daar net $\times$ of $\div$ in 'n som is, werk ons van links na regs bv. $3 \times 2 \times 4 = 24$
- Wanneer daar $\times$ en $\div$ in dieselfde som is, doen ons die som van links na regs bv. $3 \times 10 \div 6 \times 2 = 10$
- Wanneer daar ander bewerkingstekens in dieselfde som voorkom, doen ons die som altyd in die volgende orde $\rightarrow$
 1. Hakies ()
 2. Van (dit is $\times$ by breuke)
 3. Deel ($\div$) en Maal ($\times$) – van links na regs soos dit in die som voorkom
 4. Optel (+) en Aftrek (-) – van links na regs soos dit in die som voorkom

A. Volgorde van Bewerkings (+ en -)

Doen die volgende deur die slegs die antwoord op die volgende te bepaal $\rightarrow$ Onthou : net + en – dan doen jy dit van links na regs !

- 1.) $15 - 9 - 4 + 6 =$ _____ (2.) $24 + 6 - 19 - 8 + 3 =$ _____
- 3.) $31 - 18 - 12 + 9 - 7 =$ _____ (4.) $25 + 13 - 18 - 19 + 2 =$ _____

B. Volgorde van Bewerkings ($\div$ en $\times$)

Doen die volgende deur die slegs die antwoord op die volgende te bepaal $\rightarrow$ Onthou : net $\div$ en $\times$ dan doen jy dit van links na regs !

- 5.) $4 \times 8 \div 16 =$ _____ (6.) $24 \div 8 \times 3 =$ _____
- 7.) $4 \times 3 \times 2 \div 8 =$ _____ (8.) $48 \div 8 \times 3 \div 9 =$ _____

C. Volgorde van Bewerkings ($\div$; $\times$; + en -)

Doen die volgende deur die slegs die antwoord op die volgende te bepaal $\rightarrow$ Onthou : wanneer daar verskillende bewerking is doen ons $\rightarrow$ (1) $\div$ (2) $\times$ (3) + en dan (4) - !

- 9.) $18 \div 9 \times 2 - 3 =$ _____ (10.) $7 \times 5 - 21 \div 3 =$ _____
- 11.) $48 \div 16 \times 2 - 5 =$ _____ (12.) $9 \times 3 - 8 \times 3 + 7 - 4 =$ _____
- 13.) $34 - 6 \times 5 + 4 \times 3 =$ _____ (14.) $81 \div 9 \div 3 + 7 \times 2 - 15 =$ _____

D. Volgorde van Bewerkings (alle bewerkingstekens)

Bereken die waarde van die volgende → Waar al die bewerkingstekens voorkom moet jy die **VOLGORDE** volg :

(1) Hakies (2) ÷ (3) x (4) + en (5) -

15.) $81 \div 9 - (42 \div 7 - 5) = \underline{\hspace{2cm}}$

16.) $6 \times 4 \times 0 + 18 - 36 \div 12 = \underline{\hspace{2cm}}$

17.) $72 \div (6 + 3 \times 4) - 3 \times 1 = \underline{\hspace{2cm}}$

18.) $2 \times 3 \times 4 \times 0 + 28 \div 7 - 36 \div 12 = \underline{\hspace{2cm}}$

19.) $144 \div (2 \times 3 \times 4 - 24) + 8 = \underline{\hspace{2cm}}$

20.) $8 \times 7 - 9 \times 6 + 4 \times 2 = \underline{\hspace{2cm}}$

Doen die volgende bewerkings – gebruik die kolom – metode.

1.) $34\,287 + 75\,814 + 65\,293$

(2.) $254\,803 + 196\,835 + 38\,892$

3.) $735\,086 + 208\,634 + 161\,749$

(4.) $327\,915 + 763\,572 + 972\,538$

5.) $86\,927 - 53\,839$

(6.) $92\,704 - 65\,823$

7.) $364\,983 - 256\,874$

(8.) $486\,905 - 254\,874$

9.) $2\,478\,569 - 724\,382$

(10.) $6\,853\,982 - 5\,729\,677$

Doen die volgende bewerkings – gebruik die kolom – metode.

Kyk na die volgende voorbeelde en doen die somme soos in die voorbeeld.

Voorbeeld 1

$$4\,234 \times 8$$

$$\begin{array}{r} 4\,234 \\ \times \quad 8 \\ \hline 33\,872 \end{array}$$

a.) $6\,245 \times 3$

c.) $8\,317 \times 8$

e.) $4\,523 \times 7$

g.) $3\,092 \times 9$

Voorbeeld 2

$$7\,318 \times 6$$

$$\begin{array}{r} 7\,318 \\ \times \quad 6 \\ \hline 43\,908 \end{array} \quad (\text{onthou om oor te dra})$$

(b.) $7\,037 \times 5$

(d.) $9\,206 \times 6$

(f.) $5\,275 \times 4$

(h.) $2\,847 \times 4$

Kyk nou weer na die volgende voorbeeld en doen die somme dan soos in die voorbeeld :

Voorbeeld

$$3\,251 \times 32$$

$$\begin{array}{r} 3\,251 \\ \times \quad 32 \\ \hline 6\,502 \quad (2 \times 3\,251) \\ + \,97\,530 \quad (30 \times 3\,251) \text{ onthou om die 0 van die 30 te skryf !} \\ \hline 104\,032 \end{array}$$

a.) $5\,283 \times 25$

(b.) $6\,816 \times 43$

c.) $2\,361 \times 36$

(d.) $3\,072 \times 52$

e.) $4\,628 \times 62$

(f.) $7\,604 \times 83$

Doen 'n aktiwiteit per dag. Daar is 6 aktiwiteite wat voltooi moet word in 'n tydperk van 1 week.

Aktiwiteit 27 – Tegetalle - (bl 67 – 68) → Maandag, 20 April 2020

Aktiwiteit 28 – Afronding - (bl 69) → Dinsdag, 21 April 2020

Aktiwiteit 29 – Veelvoude, KGV, Faktore, Faktorepare & GGD - (bl 70 – 71) → Woensdag, 22 April 2020

Aktiwiteit 30 – Volgorde van bewerkings – (bl 72 – 73) → Donderdag, 23 April 2020

Aktiwiteit 31 – Bewerkings met Telgetalle – Optel & Aftrek – (bl 74) → Donderdag, 23 April 2020

Aktiwiteit 32 – Bewerkings met Telgetalle – Vermenigvuldiging – (bl 75 – 76) → Vrydag, 28 April 2020